"The meaning of things lies not in the things themselves but in our attitude towards them."

- Antoine de Saint-Exupéry -

Tuinroete Agri en Langkloof Boerekoöperasie nou 1!

Verlede Desember is daar aan die laaste opskortende voorwaardes voldoen in terme van die skema waardeur Langkloof Boerekoöperasie (LBK)-lede nou aandeelhouers in Tuinroete Agri Beperk (TRA) is. LBK word nou in 'n maatskappy omskep en TRA sal 100% van LBK se aandele besit.

All effort is now being focused to align and incorporate systems and procedures in order to integrate purchases, stockholding, debtors, etc. The objective is also to improve the service levels and availability of products to all members and customers at both LBK and TRA.

Die integrasie-proses is 'n groot uitdaging en ons vra lede en kliënte om asseblief geduldig te wees tydens die proses. Die uiteindelike doel is, soos alreeds genoem, om diensvlakke regdeur die groep te verbeter.

Ons wil ook graag alle LBK-lede as nuwe aandeelhouers van TRA verwelkom. Alle nuwe aandeelhouers behoort alreeds afskrifte van hul aandeelsertifikate deur die pos te ontvang het.

Should you have any queries relating to shares or the share certificates please contact either Piet Swart (044-752-3004) or Louis Fivaz (044-601-1200) or visit our website on www.tagri.co.za . (The latest trading price of TRA shares was R3-00 per share.)

J.D. WEYS
BESTURENDE DIREKTEUR

BESOEK ONS WEBWERF

www.tagri.co.za

Rekeningnavrae, aandele-inligting, maatskappy inligting, voorraadbeskikbaarheid, winskopies, wenakker-argief asook skakels na nuttige en verwante webwerwe is alles deel van ons gebruikers vriendelike besoekpunt.

Klante en maatskappye kan navraag doen op hul Tuinroete Agri rekeninge deur die internet. Hierdie diens bied rekeninghouers die geleentheid om na al die transaksiebesonderhede te kyk. Aansoeke vir toegang tot rekeningnavrae moet egter eers geverifiëer en goedgekeur word. Infogro, ons webwerfontwikkelaar, verseker aansoekers van hoogstaande sekuriteit. Die aansoekvorm vir registrasie van rekeningnavrae is beskikbaar by **www.tagri.co.za** . U ontvang per kerende e-pos goedkeuring. Die naam en wagwoord is die sekuriteitssleutel tot u rekeningbesonderhede en wil ons u versoek om dit sorgvuldig te bewaar. Indien u enige probleme ondervind is u welkom om met Ronél Robinson of Maria Honiball te skakel by 044-601-1200.

Johne's Siekte In Skape

(Virbac RSA PTY LTD)

Johne's is 'n siekte wat tot vermaering van skape lyd en word veroorsaak deur die bakterie *Mycobacterium paratuberculosis*, wat hoofsaaklik in die dunderm groei en verdikking veroorsaak. Die dundermwand verdik geleidelik en veroorsaak 'n daling in die absorpsie van verteerde voedingstowwe. Die siekte het gewoonlik 'n lang inkubasieperiode van tot 2 jaar, maar sodra diere begin gewig verloor, vrek hulle binne 'n kort periode van 3-6 maande. Maagwerk kan voorkom, maar is nie tipies nie. Merinos is meer vatbaar as kruisras diere. Daar is geen effektiewe behandeling teen die siekte nie.

Hoe versprei die siekte?
Die bakterieë word in groot getalle in die mis uitgeskei. Diere tel dan die besmetting op deur die bek vanaf spene, weiding en water, wat besmet is met die bakterieë. Die bakterieë kan vir maande in koelte kolle wat genoeg vog bevat, oorleef.

Hoe versprei die siekte tussen plase?
Besmette diere wat ingekoop word is die hoof bron. Mis en afloopwater wat besmet is, kan ook die siekte versprei.

Hoekom moet ek bewus wees van Johne's?
In beide Australië en Suid-Afrika is vrektes van 10 % in volwasse skaap'n realiteit in kuddes waar niks gedoen word om die siekte te beheer nie. Onlangse navorsing uit Nieu Seeland, toon dat die siekte ook lyd tot 17 % afname in speenmassa asook 10 % afname in wolproduksie.

Hoe bepaal ek of ek die siekte in my kudde het?
Daar is gewoonlik geen tekens vir die eerste paar jaar nie. Die eerste teken is gewoonlik diere wat "lyk asof hulle nie reageer op behandeling vir inwendige parasiete nie – hulle bly maer en vrek later". Die beste ouderdomsgroep om in te soek is die 2-3 jaar oud groep. Nader jou veearts, aangesien daar histopatologie van die dunderm gedoen moet word om dit te bevestig. Alternatiewelik is daar sekere bloedtoetse, maar dit is nie ten volle betroubaar op eenmalige toetsing nie.

Let wel: Johne's is 'n beheerde siekte en die plaaslike staatsveearts moet onmiddelik in kennis gestel word indien u selfs die vermoede het dat die siekte by u voorkom.

Wat kan ek doen as die siekte wel in my kudde voorkom?
Slag alle skape wat vermaering toon, vroegtydig. Moenie ooie op baie kort weiding of weiding wat swaar met mis besmet is laat lam nie. Vermy dit om byvoeding direk op die grond te gee, aangesien misbesmetting gereeld hier voorkom. Hou die kudde so jonk as moontlik. Ent vervangingsdiere op 'n jong ouderdom (4-6 weke).

vervolg op bl 4

GRAANHANDEL EN VOER-KOMMODITEITE!

Handel in koring, hawer, voergars, korog, lupiene, alle voergraan.
Mielies: Vooruitkontrakte, direkte lewerings, deelvragte (plaaslik en ingevoer).
Lusern en hooiprodukte.
Voorkeurverskaffer aan Tuinroete Agri.
Bespreek u behoeftes met Christo Kotze, 083-629-0165

CAPE FEED&GRAIN in samewerking met Tuinroete Agri
Christo Kotzé (BSc Agric Hons & MBA)
Outeniqua-silo
Bus 5164, George-Oos, 6539
Sel: 0836290165
Faks: 0866162883
capefeedgrain@lantic.net

BELASTINGAANPASSINGS VIR 2008/09

Trevor Manuel het vanjaar weer die belastingskale en -kortings aangepas vir inflasie.

INDIVIDUE

Belastingdrempels:
Persone onder die ouderdom van 65 sal nou eers belasting betaal op inkomste hoër as R46 000 per annum, en dié ouer as 65 vanaf R74 000

Kortings & vrystellings:
Die rentevrystelling vir persone jonger as 65 is verhoog na R19 000 en vir dié ouer as 65 na R27 000 per annum.

MAATSKAPPYE

As ietwat van 'n verrassing, is maatskappy belasting verlaag van 29% na 28%. Tesame met die verandering van SBM na 'n terughoudingsbelasting van 10% op dividende, het die effektiewe belastingkoers op maatskappye oor die afgelope 3 jaar met bykans 3% gedaal.
Passiewe maatskappye of maatskappye met 'n noue verbintenis tussen aandeelhouers sal egter voorts teen 40% belas word ten einde ontduiking te vermy.

Maatskappye met 'n omset van minder as R1 000 000 sal die opsie hê om eerder 'n belasting gebasseer op omset te betaal as die normale belasting op belasbare wins, en sodoende die adminstratiewe las op hulle verlig. Sodanige maatskappye sal ook nie hoef te registreer vir BTW nie.

Freddie Stander
CFP

PSG KONSULT
Finansiële Beplanning • Financial Planning
Meadestraat 73, George,
Tel. 044 802 5700

Renier de Bruyn
HonsBcomm

Land & Strand
eiendomme

REEBOK
Impalaweg
044 696 5820

GROOTBRAKRIVIER
Langstraat 105a
044 620 3322

GEORGE
Mitchellstraat 138
044 874 7644

	HERBERTSDALE **ALLEENMANDAAT** 183 ha lande en bergweidings met bergstroom. Pragtige natuur en uitsig. Slegs 6km grondpad. R2 100 000 **Johan Fourie 082 572 6005**		**GEELHOUTBOOM** 16 ha met beurtsloot. Pragtige huis met 2 slpk woonstel. Groot stoor en buitegeboue. Grens aan standhoudende rivier. Ideaal vir perde. Naby dorp. R5 900 000 **Ockie v d Berg 082 805 4109**
	**LEEUKLOOF** 4 ha besproeiings grond met woonhuis. Skaars eiendom! R1 600 000 **Johan Fourie 082 572 6005**		**GEELHOUTBOOM** 9 ha. Beurtsloot. 4 slaapkamerhuis. Dam met pomp en 9 ha permanente besproeiing. Groot nuwe stoor met melkstal. 2 slaapkamer woonstel. Munisipale water. R7 900 000 **Ockie v d Berg 082 805 4109**
	GROOTBRAKRIVIER 8,6 ha met 3 goeie woonhuise en multispan tonnel. 3 ha proteas onder drupbesproeiing. Munisipale krag. Uitstekend geprys! R3 000 000 **Johan Fourie 082 572 6005**		**OUTENIQUALAND** 65 ha. Melkstal onvoltooid. Ou woonhuis. 2 groot store. Groot dam. ± 40 ha is geskik vir spilpunte. R7 500 000 **Ockie v d Berg 082 805 4109**
	RIVERSDAL 373 ha met 32 ha besproeiing. Duineveld en dekriet. Woonhuis en 2 store. Lopend met trekker en skape. R3 700 000 **Johan Fourie 082 572 6005**		**RONDEVLEI – WILDERNESS** 1 ha. Grens aan Rondevlei. Lieflike uitsig oor die vlei en berge. Kom bou jou droomhuis hier! R1 850 000 **Ockie v d Berg 082 805 4109**

vervolg vanaf bl 2

Hoe gebruik ek die Johne's entstof: GUDAIRÒ (G 3268 Wet 36/1947)
Die entstof is slegs beskikbaar op voorskrif van u plaaslike staatsveearts. Dit is 'n geïnaktiveerde (dooie) entstof wat 'n mineraal olie-in-olie adjuvant bevat. Hierdie adjuvant verbeter die immuniteit, maar is ook verantwoordelik vir 'n swelling. Die swelling ontstaan op die inspuitplek en varieer van ertjie-tot golfbalgrootte. Sommige vorm 'n steriele abses wat oopgaan, maar self genees. Daar moet ook gewaak word dat persone nie hulself per ongeluk inspuit nie, aangesien 'n soortgelyke swelling sal ontstaan wat mediese behandeling sal noodsaak. Die dosis is 1 ml, onderhuids, **slegs** hoog op die nek, direk onder die oor. Dit word slegs **eenmalig** in 'n dier gebruik. Dit is beskikbaar in 100 en 250 dosis verpakkings.

GUDAIRÒ - Reg. Nr.G 3268 Wet 36/1947) bevat geinaktiveerde *Mycobacterium paratuberculosis* bakterieë in 'n olie emulsie (250 mg/100ml) . GUDAIRÒ is 'n produk van CZ Veterinaria-Pomino , Spanje.

***Vir verdere inligting kontak : Mnr Trevor Brinch by 072 123 7007 of Mnr Dickie Rautenbach by 083 300 6067* (Virbac RSA PTY LTD)**

AANDELE / SHARES

Gedurende Februarie 2008 het 578,516 aandele verhandel teen gemiddeld R3-005 per aandeel.

The buyers offer is R3-00 per share.

For more information please contact Louis Fivaz at Tel. 044-601-1200

SAADBESTELLINGS

Produsente word weereens versoek om asseblief hul saadbestellings by ons silo's in te handig.

Plaaslik geproduseerde saad is feitlik alles reeds op bestelling en moet daar vanaf ander saadhandelaars saad bestel word en soos verneem, het hulle ook nie baie saad oor nie.

Vir navrae kontak Mike Uys by 028-713-2404

Groot Brak maak passies vir Wolwe"dans"fees

Voorbereidings en oefenpassies word reeds gemaak vir die Eden Wolwedansfees wat 1 tot 4 Mei in Groot Brak sal plaasvind.

Hierdie fees het een sterk fokus - dans. Individue en dansgroepe van regoor die Suid-Kaap en Sentraal Karoo word uitgenooi om hul dansskoene aan te trek en te kom saam dans tot die wolwe huil.

Plaaslike skole in Groot Brak is hierdie week besoek as die begin van 'n bewusmakingsveldtog by alle skole in Eden, om leerders aan te moedig om deel te neem aan die danskompetisie wat deel van die fees sal uitmaak. Tydens die besoek het Allison Wesso, lid van die Eden Wolwedansfeeskomitee wat spesifiek help met die danskompetisie se organisasie, gesê, "Ek weet daar is dans talent in Brak". Die leerders van Groot Brak Sekondêr het haar bevestigend toegejuig.

Dora Hattingh, woordvoerder van die Eden Wolwedansfeeskomitee nooi, "Almal is welkom om in te skryf en te kom deel neem aan die danskompetisie wat 2 en 3 Mei sal plaasvind op die plein voor die Poskantoor in Groot Brakrivier. Jy hoef nie aan 'n dansskool te behoort nie en of jy nou Hip Hop, Ballroom, Latyns Amerikaans, ballet, klopdans of moderne danse doen – die Groot Brak plein is joune".

Die sluitingsdatum vir inskrywings is Donderdag, 20 Maart en inskrywingsvorms kan by skoolkantore afgehaal word. Vir verdere navrae rakende die danskompetisie kan Marianne Alberts ook gekontak word by 082 446 4184. Inskrywingsfooie vir die kompetisie sal vanaf R20 per individuele inskrywing beloop.

Die wenners van die Eden Wolwedansfees danskompetisie sal gestuur word na die Best of the Best Awards in Kaapstad later vanjaar.

Hattingh verduidelik hoekom nou juis dans en Wolwedans. "'n Paar dinge kom vir ons as komitee bymekaar. Groot Brakrivier, in die hartjie van die Edendistrik, is op die plaas Wolwedans gevestig. Die dorp is bekend vir sy dans by die De Dekke Restaurant. Vele vakansiegangers en plaaslike mense het heerlike herinneringe van hulle eerste dans by De Dekke. Laastens is die Bolton's skoenfabriek, in die middel van die dorp, 'n vervaardiger van vele dansskoene – en wat meer wil jy hê vir 'n fees gevul met plaaslike talent en danspassies."

Hattingh is veral opgewonde oor Karen Meiring wat as beskermvrou vir die fees optree. "Dit is lekker om te weet dat Karen, wat een groot sukses van die KKNK maak, hierby betrokke raak en dit onderskryf," sê Hattingh. Hulle is ook toegewyd om die fees 'n suksus te maak sodat hul die winste van die fees kan aanwend om 'n dansskool vir die jeug van Groot Brak te begin. "Ons glo dit is 'n opbouende manier om die jeug van ons gemeenskap se energie te kanaliseer en om moontlik vir hul 'n blink toekoms in die dansbedryf te bewerk sou hul belowende talent hê", verduidelik Hattingh.

Ander hoogtepunte van die fees is die Fantasievlug op die plein wat 1 Mei sal plaasvind – 'n fynproewer ete wat aangebied sal word deur Francois Ferreira. Mense uit die gemeenskap sal die geleentheid gebied word om as kelners op te tree tydens die ete. Daar sal ook 'n Mnr en Mej Wolwedans gekroon word tydens die fees en die fees sal afgesluit word met 'n massakoor en kerkdiens Sondag, 4 Mei.

Leerders van Groot Brak Primêr is kinderlik opgewonde oor die Eden Wolwedansfees wat van 1 tot 4 Mei sal plaasvind. Hier is hulle saam met Angeline se Hip Hop Studio dansers van Mosselbaai en Allison Wesso, lid van die feeskomitee, wat hulle kom bewusmaak en uitnooi het om in te skryf vir die danskompetisie wat 2 en 3 Mei sal plaasvind op die plein in Groot Brak.